Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

NASIONALE

STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

**GRAAD 12**

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL DRIE

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL  SEPTEMBER 2009

**PUNTE:   100**

TYD: 2½ uur

***Hierdie vraestel bestaan uit  7  bladsye***

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

| | |
|---|---|
| **AFDELING A: Opstel** | **(50 punte)** |
| **AFDELING B: Langer transaksionele tekste** | **(30 punte)** |
| **AFDELING C: Korter transaksionele tekste** | **(20 punte)** |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word, dit wil sê in Afrikaans.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning (bv. ‘n kopkaart, diagram, sleutelwoorde, eerste weergawe, ens.), redigering en ook proeflees wees. Redigering kan in potlood op die beplanningsweergawe(s) gedoen word. Die beplanning moet VOOR die finale weergawe wees.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Daar word sterk aanbeveel dat jy 80 minute aan Afdeling A, 40 minute aan Afdeling B en 30 minute aan Afdeling C bestee.

8. Nommer elke teks soos wat dit in die vraestel genommer is.

9. Voorsien elke teks van ’n gepaste titel/opskrif.
   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KREATIEWE SKRYFWERK (OPSTEL)**

**VRAAG 1**

Skryf 'n opstel van 400-450 woorde (ongeveer 2-2 ½ bladsye) oor EEN van die volgende onderwerpe.

1.1 **Die huis op die hoek van Sesde Laan** **[50]**

**OF**

1.2 **My grootste verleentheid** **[50]**

**OF**

1.3 **Dit is wie ek is.** **[50]**

**OF**

1.4 **"Dit kan nie hy wees nie! Hy't gesê hy's sestien, met blonde hare en blou oë." Nelda wys na die woorde op haar selfoon.**
So begin Christie Neser se kortverhaal, "Blind date". Voltooi self die verhaal oor wat jy dink hierna gebeur.
OF Skryf 'n ***beredenerende*** opstel oor die voordele en nadele van Mxit. **[50]**

**OF**

1.5 **Die vuvuzela behoort deel te bly van die Wêreldbekersokkertoernooi in Suid-Afrika.**
(Neem standpunt in vÍr of téén die onderwerp.) **[50]**


**OF**

1.6 **Anderkant die berg lê die lang, lang pad.**
**Daar sal ek loop –**
**eendag**
**wanneer die kinderskoene my voete nie meer pas ...**
(Dis die eerste reëls van Diana Ferrus se gedig "Eendag") **[50]**

**OF**

1.7 Die prente hieronder mag 'n reaksie of gevoelens by jou ontlok of jou verbeelding prikkel. Kies EEN van die prente, ontwikkel jou eie tema en skryf 'n opstel. Skryf die vraagnommer (1.7.1 of 1.7.2 of 1.7.3 ) van jou keuse neer en gee jou opstel 'n titel. **[50]**

1.7.1





**OF**

1.7.2



**OF**

1.7.3



**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

- Reageer op EEN van die volgende onderwerpe.
- Die inhoud van jou antwoord moet 180-200 woorde (ongeveer 20-25 reëls) wees.
- Gee veral aandag aan die volgende:
    - Jou teikenleser en dus die gepaste register, toon en styl
    - Woordkeuse en taalstrukture
    - Die formaat

### 2.1 FILMRESENSIE

Jy moet vir julle skoolkoerant ’n RESENSIE skryf oor die nuwe film wat op een van die voorgeskrewe werke vir graad twaalf gebaseer is.
*Aspekte waarna jy kan verwys:*

- Die akteurs wat die hoofrolle vertolk
- ’n Kort opsomming van die intrige – sonder om die slot te verklap
- Die gehalte van die toneelspel en die regie
- Die klankbaan of temamusiek
- Die visuele effekte en/of kameraskote (indien van toepassing)

Voorsien jou resensie van ’n treffende kop of opskrif. **[30]**

**OF**

### 2.2 TYDSKRIFARTIKEL

Die redaktrise van *Huisgenoot* het jou gevra om ’n artikel te skryf oor die probleem van vroeë skoolverlaters. Sy wil hê jy moet die redes noem waarom sekere kinders die skool verlaat voor hulle graad twaalf voltooi het en ook oplossings aan die hand doen om dit te voorkom. **[30]**

### 2.3 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

**“Ons sien die afgelope tyd oor ons televisie ontstellende nuusberigte van misdaad, stakings en optogte in Suid-Afrika. My ouers raak nou bekommerd oor my veiligheid as ek volgende jaar, soos ons beplan het, vir julle kom kuier tydens die Wêreldbekersokkertoernooi.”**

Bostaande is ’n uittreksel uit die brief wat jy so pas ontvang het van jou maat wie se gesin ‘n paar jaar gelede uit Suid-Afrika geëmigreer het.

.

Skryf ’n brief aan jou penmaat waarin jy op hierdie brief reageer. **[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 3

- Reageer op EEN van die volgende onderwerpe.
- Die inhoud van jou antwoord moet 100-120 (15 tot 20 reëls) woorde wees.
- Gee veral aandag aan die volgende:
  - Jou teikenleser en dus die gepaste register, toon en styl
  - Woordkeuse en taalstrukture
  - Die formaat

### 3.1 FAKSBOODSKAP

‘n Kenner kom julle gr. 12-klas toespreek oor ‘n sekere afdeling van die skoolwerk waarmee julle probleme het. Skryf ’n FAKSBOODSKAP aan julle buurskool om hulle graad twaalfs uit te nooi om ook die belangrike inligtingsessie by te woon.
Maak seker dat jou faks die onderstaande inligting bevat:

AAN:
FAKSNOMMER:
VAN:
DATUM:
ONDERWERP:
BOODSKAP: **[20]**

**OF**

### 3.2 WENKE

Stres is besig om baie mense se gesondheid aan te tas. Matrikulante ervaar veral geweldige druk tydens hul finale skooljaar. Gee nou nuttige WENKE vir graad twaalfs oor hoe hulle van hul stres ontslae kan raak. Skryf jou wenke in VOLSINNE.
Gebruik die opskrif: ***Slaan stres vir ’n ses!*** **[20]**

**OF**

### 3.3 ADVERTENSIE

Julle skool het ’n groot skenking van boeke by PNA gekry. Jy is deel van die fonds-insamelingskomitee van die Leerlingraad. Julle wil die boeke aan die skoolgemeenskap (leerders en ouers) verkoop. Stel die ADVERTENSIE op wat ook as deel van die skool se nuusbrief aan die ouers gestuur gaan word. **[20]**




**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**
**TOTAAL VIR VRAESTEL: 100**